

# 42 Christus is die ware wynstok




As jul na My woorde luister, kry jul alles wat jul vra,
ook verheerlik jul die Vader, deur die vrugte wat jul dra.

**R.***Bly in my soos Ek in julle,*
*dan sal julle vrugte dra.*
*Sonder My kan julle niks doen,*
*daarom moet My nie verlaat.*

Soos die Vader My bemin het,
het Ek jul ook liefgehad,
bly in hierdie liefde van My,
min mekaar met woord en daad. ***R.***

In dié Sakrament van Liefde,
vind ons God, vir ons gesterf,
deur sy Seun se offerande,
word die ewigheid verwerf. ***R.***

Kom ons buig in groot aanbidding,
voor dié Lewensbrood so hoog;
vol verwond'ring, jubelsange,
kom ons God, ons Here, loof! ***R.***

Onbekend

Onbekend